41. Kort titel

AANHANGSELS

Aanhangsel A: Konsultasie voor Aansoek-vorm

Aanhangsel B: Grondontwikkelingsaansoekvorm en Verlenging van Geldigheidstydperk-aansoekvorm

Aanhangsel C: Appèlvorm

Aanhangsel D: Gelde

HOOFSTUK I UITLEG

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies het 'n woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis geheg is in die Wes-Kaapse Wet op Grondgebruikbeplanning, 2014 (Wet 3 van 2014), dieselfde betekenis as wat in daardie Wet daaraan geheg is en, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

“**aansoek**” ’n grondontwikkelingsaansoek beoog in regulasie 10(4), ’n aansoek om wysiging van ’n grondontwikkelingsgoedkeuring beoog in regulasie 10(5) of ’n aansoek om die verlenging van ’n geldigheidstydperk beoog in regulasie 28;

“**aansoeker**” ’n persoon beoog in regulasie 10(4) of (5) of 28 wat aansoek doen;

“**aansoek met ’n uitwerking op landbou**” ’n aansoek ten opsigte van landbougrond;

“**agent**” ’n persoon wat deur die eienaar gemagtig is om aansoek te doen;

“**bewerk**”, met betrekking tot landbougrond, om grond van sy natuurlike toestand te omskep deur die grond voor te berei vir die verbouing van gewasse, en beteken ook saai, plant of ploeg;

“**datum van kennisgewing**” die datum waarop ’n persoon in kennis gestel word of erkenning van ontvangs gegee word soos beoog in regulasie 37, of die datum waarop ’n kennisgewing in die media of *Provinsiale Koerant* gepubliseer word;

“**die Wet**” die Wes-Kaapse Wet op Grondgebruikbeplanning, 2014 (Wet 3 van 2014);

“**dokument**” ook ’n plan, diagram of kaart;

“Hoof van Landbou” die hoof van die provinsiale departement verantwoordelik vir landbou;
“konsultasie voor aansoek” ’n konsultasie voor aansoek beoog in regulasie 11(1);
“landbougrond” grond buite die fisiese rand van die bestaande stedelike gebied, uitgesonderd—
 (a) grond wat tot ’n beskermde gebied verklaar is ingevolge die “National Environmental Management: Protected Areas Act, 2003” (Wet 57 van 2003); of
 (b) grond wat onmiddellik voor die inwerkingtreëding van die Wet vir ’n ander doel as landbou gesoneer was;
“provinsiale komitee” ’n *ad hoc*-interregeringsloodskomitee ingestel ingevolge artikel 5(1) van die Wet;
“streekskomitee” ’n *ad hoc*-streeks-interregeringsloodskomitee ingestel ingevolge artikel 8(1) van die Wet;
“Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering” die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering wat ingevolge artikel 2(1)(a) van die Wet op Georganiseerde Plaaslike Regering, 1997 (Wet 52 of 1997), erken word.

HOOFSTUK 2 RUIMTELIKE BEPLANNING

Kennisgewing van voorneme om provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saam te stel of te hersien

2. (1) Die Premier moet in die *Provinsiale Koerant* en twee koerante wat in omloop is in die Provinsie kennis gee van sy of haar voorneme om ’n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saam te stel of te hersien.

(2) Die kennisgewing moet ooreenkomstig die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 (Wet 13 van 1998), gepubliseer word.

(3) Die kennisgewing moet—

- (a) die doelwitte van die provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of die hersiening daarvan vermeld;
- (b) die proses wat by die samestelling of hersiening van die provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk gevolg staan te word, vermeld;
- (c) die naam en kontakbesonderhede vermeld van die persoon by wie verdere inligting bekom kan word; en
- (d) ’n uitnodiging bevat aan persone wat ’n belang het by, of geraak word deur, die samestelling of hersiening van die provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk om binne die tydperk vermeld in die kennisgewing skriftelike voorleggings te doen aan die Departement.

Instelling van provinsiale komitee om provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saam te stel of te hersien

3. (1) Die lede van ’n *ad hoc*-interregeringsloodskomitee wat deur die Premier ingevolge artikel 5(1) van die Wet aangestel is, moet behoudens subregulasie (4) bestaan uit—

- (a) die Departementshoof, of ’n werknemer wat deur die Departementshoof aangewys word, as voorsitter;
- (b) twee ander werknemers van die Departement wat kennis en ondervinding van grondgebruikbeplanning het, benoem deur die Departementshoof;
- (c) drie werknemers van die Departement wat geregistreerde beplanners is, benoem deur die Departementshoof;

- (d) twee werknemers van die provinsiale departement verantwoordelik vir omgewingsake wat kennis en ondervinding van omgewingsbestuur het, benoem deur die hoof van daardie departement;
- (e) 'n werknemer van elk van die ander provinsiale departemente, benoem deur elk van die hoofde van daardie provinsiale departemente;
- (f) twee munisipale werknemers van elk van die plaaslike, distriks- en metropolitaanse munisipaliteite, benoem deur elke munisipaliteit, van wie—
 - (i) een 'n geregistreerde beplanner moet wees; of
 - (ii) indien 'n munisipaliteit nie 'n geregistreerde beplanner het nie, een kennis en ondervinding moet hê van grondgebruikbeplanning;
- (g) 'n werknemer van elke nasionale departement verantwoordelik vir plaaslike regering, grondsake, stedelike en landelike ontwikkeling, streeksbeplanning en -ontwikkeling, omgewingsake, landbou, behuising, paaie en openbare werke, benoem deur die hoofde van elk van daardie nasionale departemente;
- (h) 'n verteenwoordiger benoem deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering;
- (i) verteenwoordigers benoem deur ander tersaaklike staatsorgane; en
- (j) 'n werknemer van elke naburige provinsiale regering, benoem deur elk van die departementshowe verantwoordelik vir provinsiale beplanning in daardie provinsiale regerings.

(2) Die Premier moet die staatsorgane en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering bedoel in subregulasie (1) skriftelik uitnooi om binne die tydperk vermeld in die uitnodiging persone skriftelik te benoem vir aanstelling in die komitee ooreenkomstig subregulasie (1).

(3) Die Premier moet die benoemings beoog in subregulasie (2) oorweeg en vanuit die persone wat aldus benoem is die lede van die komitee vir die duur van die samestelling of hersiening van die provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk aanstel.

(4) Indien die staatsorgane of die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering nadat hulle ingevolge subregulasie (2) uitgenooi is, versuim om binne die tydperk vermeld in die uitnodiging die persoon of persone te benoem wat benoem staan te word of versuim om persone met geskikte kwalifikasies te benoem, kan die Premier ondanks subregulasie (1) enige werknemers van, en benoem deur, ander tersaaklike staatsorgane wat geskikte kwalifikasies het, as lede van die provinsiale komitee aanstel tot en met die getal lede wat vereis word.

Oogmerk en werksaamheid van provinsiale komitee

4. (1) 'n Provinsiale komitee—

- (a) staan die Premier by om aan die verpligtinge ingevolge artikel 41(1)(h) van die Grondwet te voldoen wanneer 'n konsep- provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of 'n konsepwysiging van 'n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saamgestel word; en
- (b) staan die Premier by met die samestelling van 'n konsep- provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of konsepwysiging van 'n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk.

(2) Die lede van 'n provinsiale komitee moet wanneer hulle deur die voorsitter van die komitee versoek word, skriftelike kommentaar of verhoë indien op 'n konsep- provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk, konsepwysiging van 'n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of konsepdokument wat daarmee verband hou, namens die staatsorgane of die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering wat hulle verteenwoordig.

Vergaderings van provinsiale komitee

5. (1) 'n Kworum vir 'n vergadering van die provinsiale komitee is nege lede, wat uit minstens die volgende persone bestaan:

- (a) drie werknemers van die Departement;
- (b) werknemers van drie ander provinsiale departemente; en
- (c) munisipale werknemers van drie munisipaliteite.

(2) Die provinsiale komitee moet minstens een maal per kwartaal vergader op die tye en plekke wat die voorsitter bepaal.

(3) In die geval van die tydelike afwesigheid van die voorsitter moet die Premier vanuit die lede beoog in regulasie 3(1)(b) of (c) 'n lid aanwys om as voorsitter waar te neem gedurende die tydperk van afwesigheid.

(4) Die voorsitter moet die prosedures bepaal wat by vergaderings van die provinsiale komitee gevolg moet word.

(5) Die Departement moet sekretariële en administratiewe ondersteuning aan die provinsiale komitee verskaf en moet notules van die verrigtinge van die provinsiale komitee byhou.

(6) Die provinsiale komitee kan, met die goedkeuring van die voorsitter, subkomitees aanstel bestaande uit lede van die provinsiale komitee en take aan sodanige subkomitees opdra.

Openbare deelname

6. (1) Die Premier moet in die *Provinsiale Koerant* en in minstens twee koerante wat in omloop is in die Provinsie kennis gee van 'n konsep- provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of konsepwysiging van 'n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk.

(2) Die kennisgewing moet ooreenkomstig die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998, gepubliseer word en moet—

- (a) persone wat 'n belang het by, of geraak word deur, die konsep- provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of konsepwysiging van 'n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk uitnooi om binne die tydperk vermeld in die kennisgewing skriftelike kommentaar daarop in te dien; en
- (b) die naam en kontakbesonderhede vermeld van die persoon aan wie kommentaar of vertoë gerig moet word en waar die konsep- provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of konsepwysiging van 'n provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk bekom kan word.

Wysiging van provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk

7. (1) Indien 'n wysiging van die provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk nie uit 'n hersiening van die provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk voortspuit nie, kan die Premier 'n provinsiale komitee ingevolge regulasie 3 instel.

(2) Indien 'n provinsiale komitee nie ingestel is vir die wysiging van die provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk beoog in subregulasie (1) nie moet die Departementshoof die staatsorgane bedoel in regulasie 3(1)(d) tot (g) en (i) en (j) en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering versoek om binne 60 dae vanaf ontvangs van die versoek vir kommentaar op die konsepwysiging kommentaar te lewer.

Instelling van streekskomitee om provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saam te stel of te hersien

8. (1) Die lede van 'n *ad hoc*-streeks-interregeringsloodskomitee aangestel deur die Provinsiale Minister ingevolge artikel 8(1) van die Wet moet behoudens subregulasie (4) bestaan uit—

- (a) die Direkteur vir ruimtelike beplanning van die Departement, of 'n werknemer wat 'n geregistreerde beplanner is, aangewys deur die Direkteur, as voorsitter;
 - (b) twee ander werknemers van die Departement wat kennis en ondervinding van grondgebruikbeplanning het, van wie een 'n geregistreerde beplanner moet wees, benoem deur die Departementshoof;
 - (c) 'n werknemer van die provinsiale departement verantwoordelik vir omgewingsake wat kennis en ondervinding van omgewingsbestuur het, benoem deur die hoof van daardie departement;
 - (d) 'n werknemer van elk van die ander provinsiale departemente, benoem deur elk van die hoofde van die provinsiale departemente;
 - (e) 'n munisipale werknemer wat 'n geregistreerde beplanner is, van elke munisipaliteit in die streek waarop die provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk van toepassing sal wees, benoem deur elk van daardie munisipaliteite, of indien 'n munisipaliteit nie 'n geregistreerde beplanner het nie, 'n munisipale werknemer van daardie munisipaliteit wat kennis en ondervinding van grondgebruikbeplanning het; en
 - (f) verteenwoordigers benoem deur ander tersaaklike staatsorgane.
- (2) Die Departementshoof moet—
- (a) die lede beoog in subregulasie (1)(b) benoem;
 - (b) indien die Departementshoof ook verantwoordelik is vir die provinsiale departement verantwoordelik vir omgewingsake, die lid beoog in subregulasie (1)(c) benoem; en
 - (c) die staatsorgane bedoel in subregulasie (1)(d) tot (f), en indien van toepassing subregulasie (1)(c), skriftelik uitnooi om binne die tydperk vermeld in die uitnodiging persone skriftelik te benoem vir aanstelling in die streekskomitee ooreenkomstig subregulasie (1).
- (3) Die Provinsiale Minister moet die benoemings beoog in subregulasie (2) oorweeg en vanuit die persone wat aldus benoem is, die lede vir die duur van die samestelling of hersiening van die provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk aanstel.
- (4) Indien die staatsorgane nadat hulle ingevolge subregulasie (2) uitgenooi is versuim om binne die tydperk vermeld in die uitnodiging die persoon of persone te benoem wat benoem staan te word of versuim om persone met geskikte kwalifikasies te benoem, kan die Provinsiale Minister ondanks subregulasie (1) enige werknemers van, en benoem deur, ander tersaaklike staatsorgane wat geskikte kwalifikasies het as lede van die streekskomitee aanstel tot en met die getal lede wat vereis word.
- (5) Regulasies 2, 4, 5(2), 5(4) tot 5(6) en 6, saamgelees met die nodige veranderinge, is van toepassing op die samestelling, aanneming, hersiening of intrekking van 'n provinsiale streeks-ruimtelike ontwikkelingsraamwerk.
- (6) Vir die doeleindes van subregulasie (5) moet 'n verwysing na die Premier in regulasies 2, 4 en 6 uitgelê word as 'n verwysing na die Provinsiale Minister.
- (7) 'n Kworum vir 'n vergadering van 'n streekskomitee moet uit die volgende persone bestaan:
- (a) twee werknemers van die Departement;
 - (b) werknemers van drie ander provinsiale departemente; en
 - (c) munisipale werknemers wat verteenwoordigend is van—
 - (i) minstens die meerderheid van die munisipaliteite in die streek waarop die provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of wysiging daarvan van toepassing sal wees; of
 - (ii) twee munisipaliteite indien die provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of wysiging daarvan slegs van toepassing sal wees op twee munisipaliteite.
- (8) In die geval van die tydelike afwesigheid van die voorsitter moet die Provinsiale Minister vanuit die lede beoog in subregulasie (1)(b) 'n lid aanwys om gedurende die tydperk van afwesigheid as voorsitter waar te neem.

Wysiging van provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk

9. (1) Indien 'n wysiging van 'n provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk nie uit 'n hersiening van die provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk voortspruit nie, kan die Provinsiale Minister 'n streekskomitee ingevolge regulasie 8 aanstel.

(2) Indien 'n streekskomitee nie aangestel is vir die wysiging van die provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk beoog in subregulasie (1) nie, moet die Departementshoof die staatsorgane bedoel in regulasie 8(1)(c) tot (f) versoek om binne 60 dae vanaf ontvangs van die versoek om kommentaar op die konsepwysiging kommentaar te lewer.

HOOFSTUK 3 PROVINSIALE ONTWIKKELINGSBESTUUR

Grondontwikkeling wat provinsiale goedkeuring benodig en vrygestelde kategorieë van grondontwikkeling

10. (1) Behoudens subregulasie (2) bestaan grondontwikkeling beoog in artikel 53(1) saamgelees met artikel 53(4) van die Wet uit die volgende kategorieë:

- (a) voorgestelde grondontwikkeling—
 - (i) ten opsigte waarvan 'n goedkeuring ingevolge die Ordonnansie nie onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Wet bestaan nie; en
 - (ii) wat val binne 'n kategorie van grondontwikkeling wat in die *Provinsiale Koerant* gelys is as 'n kategorie wat goedkeuring kragtens artikel 53(1) van die Wet benodig;
- (b) grondontwikkeling voorgestel op landbougrond wat in die 10-jaartydperk onmiddellik voor die voorgestelde grondontwikkeling bewerk of besproei is.

(2) Die volgende kategorieë van grondontwikkeling beoog in subregulasie (1) word kragtens artikel 53(3) van die Wet daarvan vrygestel om 'n goedkeuring kragtens artikel 53(1) van die Wet te benodig:

- (a) voorgestelde grondontwikkeling ten opsigte waarvan 'n provinsiale goedkeuring onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Wet ingevolge enige van die volgende wetgewing bestaan:
 - (i) artikel 24(2) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998), buiten 'n goedkeuring wat opgeskort is ingevolge artikel 43(7) van daardie Wet;
 - (ii) artikel 3 of 14 van die Wet op Minder Formele Dorpstigting, 1991 (Wet 113 van 1991);
 - (iii) regulasies 2 tot 7 van die regulasies wat gemaak is kragtens artikel 66(1) van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet 4 van 1984), en gepubliseer is by Kennisgewing R.1897/1986 in *Staatskoerant* 1043 van 12 September 1986;
 - (iv) regulasie 16, 17, 19(5) of 19(7) van die regulasies wat gemaak is kragtens artikel 66(1) van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984, en gepubliseer is by Kennisgewing 733/1989 in *Provinsiale Koerant* 4606 van 22 September 1989;
 - (v) artikel 20 van die Wet op Landelike Gebiede, 1987 (Wet 9 van 1987);
- (b) voorgestelde grondontwikkeling, uitgesonderd grondontwikkeling beoog in subregulasie (1)(a), wat—
 - (i) aan 'n toepaslike munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk voldoen wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Wet reeds aangeneem was; en
 - (ii) daar onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Wet reeds spesifiek voor voorsiening gemaak is in daardie munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;

- (c) voorgestelde grondontwikkeling, uitgesonderd grondontwikkeling beoog in subregulasie (1)(a), wat—
- (i) aan 'n toepaslike munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk voldoen wat na die inwerkingtreding van die Wet aangeneem is of wat na die inwerkingtreding van die Wet gewysig is om spesifiek vir die voorgestelde grondontwikkeling voorsiening te maak; en
 - (ii) val binne 'n kategorie van grondontwikkeling wat ten opsigte van daardie spesifieke munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk gelys is deur die Provinsiale Minister by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.
- (3) Voordat enige kategorie van grondontwikkeling ingevolge subregulasie (1)(a) of (2)(c)(ii) gelys word, moet die Provinsiale Minister 'n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* publiseer—
- (a) wat die kategorie van grondontwikkeling wat hy of sy van voorneme is om te lys, vermeld deur 'n beskrywing daarvan of 'n kaart of op enige ander gepaste wyse; en
 - (b) wat belanghebbende partye uitnooi om skriftelike kommentaar op die voorstel om die kategorie te lys in te dien binne 'n tydperk vermeld in die kennisgewing.
- (4) Die eienaar of sy of haar agent moet ingevolge hierdie Hoofstuk aansoek doen by die Departementshoof om goedkeuring van grondontwikkeling beoog in subregulasie (1).
- (5) Die eienaar of sy of haar agent kan voor die verval van die geldigheidstydperk van 'n goedkeuring van grondontwikkeling aansoek doen by die Departementshoof om wysiging van daardie goedkeuring.
- (6) Die goedkeuring soos gewysig ingevolge subregulasie (5) bly geldig vir die oorblywende tydperk van die geldigheidstydperk wat van toepassing is op die goedkeuring voor dit gewysig was.
- (7) Hierdie regulasie en regulasies 11 tot 27, saamgelees met die nodige veranderinge, is van toepassing op 'n aansoek om wysiging van 'n grondontwikkelingsgoedkeuring.

Konsultasie voor aansoek

11. (1) 'n Eienaar wat van voorneme is om ingevolge regulasies 10(4) en 12 aansoek te doen om grondontwikkeling of sy of haar agent moet een of meer konsultasies voor aansoek bywoon voordat 'n aansoek by die Departementshoof ingedien word ten einde die inligting en dokumente wat saam met die aansoek ingedien moet word, vas te stel.
- (2) 'n Eienaar of agent beoog in subregulasie (1) moet voordat hy of sy 'n aansoek ingevolge regulasie 12 indien die vorm in Aanhangsel A invul en by die Departementshoof indien.
- (3) Die Departementshoof moet—
- (a) wanneer die vorm in Aanhangsel A ontvang is, ontvangs van die vorm op die dag van indiening aanteken, skriftelik of deur 'n stempel op die vorm aan te bring; en
 - (b) na ontvangs van die vorm in Aanhangsel A die eienaar of sy of haar agent en enige ander tersaaklike staatsorgaan in kennis stel van die datum, tyd en plek van die konsultasie voor aansoek.
- (4) Die Departementshoof moet notule hou van die verrigtinge van 'n konsultasie voor aansoek.

Aansoek om grondontwikkeling

12. (1) Aansoek om grondontwikkeling beoog in regulasie 10(4) word gedoen deur 'n ingevulde en ondertekende vorm in Aanhangsel B by die Departementshoof in te dien en deur die aansoekgelde uiteengesit in Aanhangsel D te betaal.
- (2) Behoudens subregulasie (4) moet die ingevulde en ondertekende vorm in Aanhangsel B van die volgende inligting en dokumente vergesel gaan:
- (a) die instemming van die tersaaklike verbandhouer, wat die Departementshoof kan vereis, soos aangedui in 'n konsultasie voor aansoek;

- (b) indien die aansoeker 'n agent is, 'n volmag of ander magtiging wat die aansoeker magtig om die aansoek namens die eienaar te doen;
 - (c) indien die eienaar 'n maatskappy, beslote korporasie, trust, regs persoon beoog in artikel 36(1) van die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet 95 van 1986), of eienaarsvereniging is, bewys dat die persoon wat die aansoek indien, gemagtig is om namens die maatskappy, beslote korporasie, trust, regs persoon of eienaarsvereniging op te tree;
 - (d) 'n afskrif van die titelakte van die betrokke grond;
 - (e) 'n beskrywing van die ligging en grootte van die betrokke grond, met inbegrip van 'n liggingsplan;
 - (f) bewys van die bestaande sonering van toepassing op die betrokke grond;
 - (g) 'n plan wat die omliggende aanwending van grond aandui wat geraak sal word in die streek indien die aansoek goedgekeur word;
 - (h) 'n plan wat die omliggende sonerings aandui wat in die streek geraak sal word indien die aansoek goedgekeur word;
 - (i) 'n plan wat grondontwikkeling in die streek of die Provinsie wat soortgelyk is aan die grondontwikkeling waarvoor aansoek gedoen word en wat tesame met die voorgestelde grondontwikkeling 'n kumulatiewe uitwerking in die streek of die Provinsie sal hê, aandui;
 - (j) 'n plan op 'n meetbare skaal wat die aanwending van die grond, bestaande strukture en aktiwiteite op die grond en die nabyheid van die bestaande strukture en aktiwiteite aan die grense van die betrokke grond aandui;
 - (k) 'n konsepplan op 'n meetbare skaal wat die voorgestelde grondontwikkeling en aktiwiteite aandui;
 - (l) 'n lys van ander goedkeurings wat benodig word vir die voorgestelde grondontwikkeling en waarvoor aansoek gedoen is ingevolge ander wetgewing;
 - (m) 'n skriftelike motivering ter ondersteuning van die aansoek gegrond op die aangeleenthede bedoel in subregulasie (3);
 - (n) bewys van betaling van die aansoekgelde;
 - (o) in die geval van 'n aansoek met 'n uitwerking op landbou, 'n evaluering van daardie uitwerking, met inbegrip van—
 - (i) 'n grondgebruikskaart en lugfoto op 'n meetbare skaal wat die landbougrond, infrastruktuur en plaasgrense aandui; en
 - (ii) 'n grondopmeting en grondkaart wat die landboupotensiaal van die grond aandui; en
 - (p) enige ander inligting of dokumente wat die Departementshoof kan vereis, soos aangedui in 'n konsultasie voor aansoek.
- (3) 'n Skriftelike motivering beoog in subregulasie (2)(m) moet die volgende insluit:
- (a) 'n evaluering van die uitwerking van die grondontwikkeling, met verwysing na die aangeleenthede bedoel in artikel 53(1) van die Wet;
 - (b) 'n evaluering van die wenslikheid van die uitwerking beoog in paragraaf (a), met inagneming van die aangeleenthede bedoel in artikel 55 van die Wet; en
 - (c) enige ander evaluering of studie wat die Departementshoof kan vereis, soos aangedui in 'n konsultasie voor aansoek.
- (4) Die Departementshoof kan ten opsigte van 'n bepaalde aansoek enige inligting of dokumente wat ingevolge subregulasie (2)(a) tot (o) of (3)(a) en (b) vereis word, by 'n konsultasie voor aansoek byvoeg of verwyder.
- (5) Die vorm in Aanhangsel B en die bygaande inligting en dokumente kan elektronies ingedien word op die wyse wat die Departementshoof bepaal.
- (6) Indien 'n agent aangestel is om 'n aansoek namens die eienaar in te dien, word korrespondensie van, en kennisgewings deur, die Departementshoof in verband met die aansoek ingevolge die Wet en hierdie regulasies slegs aan die agent gestuur.

(7) Die betrokke eienaar moet die korrespondensie en kennisgewings beoog in subregulasie (6) van die agent bekom.

(8) Behoudens die Departementshoof se bepaling ten opsigte van die elektroniese indiening van aansoeke moet aansoeke op weksdae gedurende die kantoorure van die Departement ingedien word, uitgesonderd dae in die tydperk van 15 Desember tot 2 Januarie.

Ontvangs en aanvaarding van grondontwikkelingsaansoek en versoek om bykomende inligting of dokumente

13. (1) Die Departementshoof moet wanneer 'n aansoek om grondontwikkeling ingevolge regulasies 10(4) en 12 ingedien word—

- (a) ontvangs van die aansoek op die dag van indiening aanteken, skriftelik of deur 'n stempel op die aansoek aan te bring;
- (b) nagaan of die aansoek aan regulasie 12 voldoen; en
- (c) binne 21 dae vanaf ontvangs van die aansoek ontvangs van die aansoek erken en die aansoeker in kennis stel—
 - (i) indien die aansoek aan regulasie 12 voldoen, van die aanvaarding van die aansoek en, indien geen bykomende inligting of dokumente beoog in subparagraaf (iii) vereis word nie, van die kennisgewingsvereistes ingevolge regulasies 14(3) en 16 waaraan die aansoeker moet voldoen en die bewys dat kennis gegee is wat ingevolge regulasie 17 verskaf moet word;
 - (ii) indien die aansoek nie aan regulasie 12 voldoen nie, dat die aansoek nie aanvaar is nie en die redes daarvoor; en
 - (iii) indien die aansoek ingevolge subparagraaf (i) aanvaar is, van enige inligting of dokumente bykomend by die inligting of dokumente bedoel in regulasie 12 wat die Departementshoof vereis.

(2) Die Departementshoof moet ten opsigte van 'n aansoek met 'n uitwerking op landbou na oorlegpleging met die Hoof van Landbou of 'n werknemer aangewys deur die Hoof van Landbou bepaal of inligting of dokumente bykomend by die inligting en dokumente bedoel in regulasie 12 vereis word.

(3) Die aansoeker moet die Departementshoof voorsien van die vereiste inligting of dokumente beoog in subregulasie (1)(c)(iii) binne 21 dae vanaf die datum van kennisgewing daarvan of binne die verdere tydperk waarvoor die aansoeker en die Departementshoof ooreengekom het.

(4) Die Departementshoof moet—

- (a) ontvangs van die inligting of dokumente beoog in subregulasie (1)(c)(iii) op die dag wat dit ingedien word aanteken, skriftelik of deur 'n stempel op die dokumente aan te bring;
- (b) nagaan of al die inligting of dokumente soos vereis verskaf is; en
- (c) na—
 - (i) ontvangs van die inligting of dokumente binne die tydperk beoog in subregulasie (3), indien die aansoeker al die vereiste inligting of dokumente verskaf het, ontvangs daarvan erken en die aansoeker in kennis stel van die kennisgewingsvereistes ingevolge regulasies 14(3) en 16 waaraan die aansoeker moet voldoen en van die bewys van kennisgewing wat ingevolge regulasie 17 verskaf moet word; of
 - (ii) verstryking van die tydperk beoog in subregulasie (3), indien die aansoeker nie al die vereiste inligting of dokumente verskaf het nie, die aansoeker in kennis stel dat die Departementshoof die aansoek sal oorweeg soos dit ontvang is en van die kennisgewingsvereistes ingevolge regulasies 14(3) en 16 waaraan die aansoeker moet voldoen en die bewys van kennisgewing wat ingevolge regulasie 17 verskaf moet word.

(5) Die tydperk van 15 Desember tot 2 Januarie word by die berekening van enige tydperk bedoel in hierdie regulasie en regulasies 17, 18 en 33 uitgesluit.

Kennisgewing van grondontwikkelingsaansoek

14. (1) Die Departementshoof moet na aanvaarding van die aansoek ingevolge regulasie 13(1)(c)(i), of in die geval waar bykomende inligting of dokumente vereis word ingevolge regulasie 13(1)(c)(iii) na ontvangs van die inligting of dokumente—

- (a) 'n kennisgewing van die aansoek in die *Provinsiale Koerant* en in twee koerante wat in omloop is in die Provinsie laat publiseer;
- (b) 'n kennisgewing van die aansoek aan elke staatsorgaan wat 'n belang het by die aansoek laat gee en hul kommentaar op die aansoek versoek; en
- (c) 'n kennisgewing van die aansoek aan minstens elke eienaar van grond wat aan die betrokke grond grens, laat gee en hul kommentaar op die aansoek versoek.

(2) In die geval van 'n aansoek met 'n uitwerking op landbou is subregulasie (1)(b) nie op die provinsiale departement verantwoordelik vir landbou van toepassing nie en moet die aansoek en tersaaklike inligting na die Hoof van Landbou verwys word soos in hierdie regulasies bepaal.

(3) Die Departementshoof kan van die aansoeker vereis om 'n kennisgewing te publiseer en om kennis soos beoog in hierdie regulasie te gee en om bykomende openbare kennis soos beoog in regulasie 16 te gee.

(4) Die aansoeker is aanspreeklik vir die koste van publisering en die gee van kennis ingevolge subregulasie (1) en regulasie 16.

(5) Indien die Departementshoof kennis ingevolge subregulasie (1) of regulasie 16 publiseer of gee, moet die aansoeker die koste daarvan aan die Departement betaal voordat die Departementshoof oor die aansoek kan besluit.

Inhoud van kennisgewing

15. 'n Kennisgewing beoog in regulasie 14 moet minstens—

- (a) die doel van die aansoek vermeld;
- (b) die grond waarmee die aansoek verband hou beskryf deur die erf- of plaasnommer en algemene ligging daarvan te vermeld en, waar van toepassing, die naam van die plaas of die straatadres en die naam van die dorp en voorstad;
- (c) die adres waar en ure waartydens die aansoek ter insae beskikbaar sal wees, vermeld;
- (d) lede van die publiek uitnooi om skriftelike kommentaar, tesame met die redes daarvoor, ten opsigte van die aansoek in te dien;
- (e) die wyse waarop kommentaar ingedien kan word, vermeld;
- (f) vermeld dat kommentaar by 'n genoemde werknemer van die Departement en afskrifte daarvan by 'n genoemde verteenwoordiger van die aansoeker ingedien moet word;
- (g) die name en kontakbesonderhede vermeld van die persone beoog in subregulasie (f) aan wie kommentaar gerig moet word;
- (h) die datum vermeld waarteen kommentaar ingedien moet wees, welke datum nie minder as 30 dae vanaf die datum van kennisgewing van die aansoek mag wees nie;
- (i) vermeld dat die Departementshoof kan weier om kommentaar na die datum beoog in paragraaf (h) te ontvang; en
- (j) vermeld dat enige persoon wat nie kan skryf nie gedurende kantoorure en voor die datum beoog in paragraaf (h) na 'n adres vermeld in die kennisgewing kan kom waar 'n werknemer van die Departement redelike bystand aan daardie persoon sal verskaf deur daardie persoon se kommentaar neer te skryf.

Bykomende metodes van openbare kennisgewing

16. (1) Die Departementshoof kan een of meer van die volgende metodes laat gebruik om bykomende openbare kennis van 'n aansoek om grondontwikkeling te gee:

- (a) om 'n kennisgewing beoog in regulasie 15 met 'n grootte van minstens 60 sentimeter by 42 sentimeter op 'n kennisgewingsbord aan die voorkant van die betrokke grondeenheid of op enige ander opsigtelike en maklik bereikbare plek op die grondeenheid te vertoon vir die duur van die tydperk waarbinne die publiek kommentaar op die aansoek kan indien;
- (b) om inligting rakende die aansoek in 'n spesifieke taal op 'n plaaslike radiostasie uit te saai;
- (c) om 'n ope dag of openbare vergadering te hou om geraakte lede van die publiek van die aansoek in kennis te stel;
- (d) om die aansoek op die Provinsiale Regering se webblad te publiseer vir die duur van die tydperk waarbinne die publiek kommentaar op die aansoek kan lewer.

(2) Die Departementshoof moet bykomende openbare kennis beoog in subregulasie (1) laat gee indien hy of sy kennisgewing ingevolge regulasie 14 ondoeltreffend ag of verwag dat die kennisgewing ingevolge daarvan ondoeltreffend sal wees.

(3) Bykomende openbare kennis kan gelyktydig met 'n kennisgewing ingevolge regulasie 14 of daarna gegee word.

Bewys van kennisgewing

17. Indien die aansoeker namens die Departementshoof 'n kennisgewing gepubliseer of kennis gegee het van 'n grondontwikkelingsaansoek moet die aansoeker binne 21 dae vanaf die datum waarop die kennisgewing gepubliseer of die kennis gegee is die volgende aan die Departementshoof verskaf:

- (a) afskrifte van die kennisgewing soos gepubliseer in die *Provinsiale Koerant* en koerante;
- (b) bewys van betekening van die kennisgewing aan elke aangrensende grondeienaar; en
- (c) indien kennis ingevolge regulasie 16(1) gegee is—
 - (i) foto's en 'n beëdigde verklaring wat bevestig dat die kennisgewing vertoon is soos beoog in regulasie 16(1)(a);
 - (ii) 'n opname van enige uitsending beoog in regulasie 16(1)(b);
 - (iii) notules en teenwoordighedsregisters van openbare vergaderings beoog in regulasie 16(1)(c); of
 - (iv) enige ander bewys wat die Departementshoof vereis.

Reg van aansoeker om op kommentaar op grondontwikkelingsaansoek te antwoord

18. (1) Die aansoeker kan binne 21 dae vanaf die latere datum van die onderskeie sluitingsdatums vir die indiening van kommentaar beoog in regulasies 15(h) en 33(1) of binne die verdere tydperk waarvoor die aansoeker en die Departementshoof ooreengekom het 'n skriftelike antwoord daarop aan die Departementshoof lewer.

(2) Indien die aansoeker nie binne die tydperk van 21 dae of die verdere tydperk waarvoor ooreengekom is 'n antwoord indien nie word die aansoeker geag geen kommentaar te hê nie.

(3) Indien die Departementshoof bykomende inligting of dokumente rakende die aansoek vereis as gevolg van die ingediende kommentaar, moet die aansoeker die inligting of dokumente binne die tydperk waarvoor die aansoeker en die Departementshoof ooreen kan kom aan die Departementshoof verskaf.

Verwysing van grondontwikkelingsaansoek, inligting en dokumente na Hoof van Landbou

19. (1) Die Departementshoof moet, in die geval van 'n aansoek met 'n uitwerking op landbou en vir die doeleindes van regulasies 13(2) en 21(1)(a), die volgende na ontvangs daarvan na die Hoof van Landbou verwys:

- (a) die aanvaarde aansoek;
- (b) enige bykomende inligting en dokumente;
- (c) enige kommentaar op die aansoek; en
- (d) die aansoeker se antwoord op die kommentaar op die aansoek.

(2) Die Departementshoof kan van die aansoeker vereis om afskrifte van die inligting en dokumente bedoel in subregulasie 1(a) tot (d) na die Hoof van Landbou aan te stuur.

Vereistes vir kommentaar

20. (1) Alle kommentaar wat ten opsigte van 'n grondontwikkelingsaansoek ingedien word, met inbegrip van kommentaar wat in die vorm van 'n petisie ingedien word, moet die volgende duidelik vermeld:

- (a) die volle naam, fisiese adres en kontakbesonderhede van die persoon wat die kommentaar lewer of, in die geval van 'n petisie, van die gemagtigde verteenwoordiger van die ondertekenaars van die petisie;
- (b) in die geval van 'n petisie, die volle naam, fisiese adres en kontakbesonderhede van elke ondertekenaar;
- (c) die besonderhede van die aansoek ten opsigte waarvan die kommentaar ingedien word; en
- (d) die rede vir die kommentaar en die uitwerking wat die aansoek, indien goedgekeur, op die persoon wat die kommentaar lewer of die ondertekenaars van 'n petisie of die betrokke streek sal hê.

(2) Kennisgewing aan die gemagtigde verteenwoordiger van die ondertekenaars van 'n petisie beoog in subregulasie 1(a) geld as kennisgewing aan al die ondertekenaars van die petisie.

Besluit oor grondontwikkelingsaansoek

21. (1) Die Departementshoof moet oor 'n grondontwikkelingsaansoek besluit—

- (a) na oorlegpleging met die Hoof van Landbou in die geval van 'n aansoek met 'n uitwerking op landbou; en
- (b) binne sewe maande vanaf erkenning van ontvangs en aanvaarding van die aansoek ingevolge regulasie 13(1)(c)(i).

(2) Enige tydperk waaroor daar ingevolge regulasie 13(3), 18(1) of (3) ooreengekom is, of bykomende kennisgewingstydperke ten opsigte van openbare kennisgewing nadat kennis ingevolge regulasie 14 gegee is, word by die berekening van die sewemaandtydperk beoog in subregulasie (1) uitgesluit.

(3) Die Departementshoof kan ten opsigte van 'n aansoek—

- (a) 'n aangewese werknemer opdrag gee om enige nodige ondersoek ingevolge artikel 68(1)(b) van die Wet en regulasie 36 uit te voer;
- (b) die aansoek goedkeur, in die geheel of gedeeltelik, of die aansoek weier;
- (c) by die goedkeuring van enige aansoek, enige redelike voorwaardes soos beoog in artikel 54(4) en (5) van die Wet oplê.

Kennisgewing van besluit oor grondontwikkelingsaansoek

22. Die Departementshoof moet binne 21 dae vanaf sy of haar besluit oor 'n grondontwikkelingsaansoek kennis gee van sy of haar besluit op die volgende wyse:

- (a) deur sy of haar besluit ooreenkomstig artikel 54(7)(a) van die Wet te publiseer; en
- (b) deur die aansoeker en enige persoon wie se regte deur die besluit geraak word en wat kommentaar op die aansoek ingedien het skriftelik in kennis te stel van die besluit en die redes daarvoor, en van hul reg tot appèl.

Appèl teen besluit oor grondontwikkelingsaansoek

23. (1) 'n Appèl na die Provinsiale Minister ingevolge artikel 56(1), (4) of (5) van die Wet word aangeteken deur 'n ingevulde en ondertekende vorm in Aanhangsel C by die Provinsiale Minister in te dien en deur die appèlgelde uiteengesit in Aanhangsel D te betaal.

(2) Die vorm in Aanhangsel C en die bygaande inligting en dokumente kan elektronies ingedien word op die wyse wat die Departementshoof bepaal.

(3) 'n Appèl moet aangeteken word binne 21 dae vanaf die datum van kennisgewing van die besluit ten opsigte waarvan die appèl aangeteken word.

(4) Enige persoon wat nie kan lees of skryf nie en wat appèl wil aanteken, kan binne die tydperk beoog in subregulasie (3) redelike bystand van 'n werknemer aangewys deur die Provinsiale Minister versoek om sy of haar appèl binne daardie tydperk neer te skryf.

(5) Die appèl moet—

- (a) die naam en kontakbesonderhede van die appellant vermeld;
- (b) 'n afskrif insluit van enige kommentaar op die aansoek wat deur die appellant ingedien is, indien die appellant nie die aansoeker is nie;
- (c) vermeld welke regte van die appellant deur die besluit geraak word;
- (d) die spesifieke aspek van die besluit waarteen geappelleer word vermeld of, in die geval van 'n appèl rakende 'n versuim deur die Departementshoof om oor 'n aansoek te besluit, die feite wat die versuim bewys, vermeld; en
- (e) die redes vir die appèl vermeld, met inbegrip van die gronde, indien van toepassing, waarop die appellant glo die Departementshoof gefouteer het in die besluit waartoe hy of sy gekom het.

(6) Die Provinsiale Minister moet wanneer 'n appèl ingevolge subregulasie (1) ingedien word—

- (a) op die dag van indiening ontvangs van die appèl aanteken, skriftelik of deur 'n stempel op die appèl aan te bring;
- (b) nagaan of die appèl aan hierdie regulasie voldoen; en
- (c) binne 21 dae vanaf ontvangs van die appèl ontvangs daarvan erken en—
 - (i) indien die appèl aan hierdie regulasie voldoen, die appellant in kennis stel van die aanvaarding van die appèl;
 - (ii) indien die appèl nie aan hierdie regulasie voldoen nie, die appellant in kennis stel dat die appèl nie aanvaar word nie en die redes daarvoor vermeld; en
 - (iii) indien die appèl ingevolge subparagraaf (i) aanvaar word, alle persone wat kommentaar op die aansoek ingedien het, en indien die appellant nie die aansoeker is nie ook die aansoeker, van die appèl in kennis stel.

(7) 'n Persoon, met inbegrip van die aansoeker indien die appellant nie die aansoeker is nie, wat ingevolge subregulasie (6)(c)(iii) kennis van die appèl ontvang het, kan binne 21 dae vanaf die datum van kennisgewing van die appèl skriftelike kommentaar daarop indien by die Provinsiale Minister en afskrifte daarvan by die appellant en, indien die appellant nie die aansoeker is nie, ook by die aansoeker.

(8) 'n Persoon beoog in subregulasie (7) wat nie kan lees of skryf nie en wat kommentaar op die appèl wil lewer, kan binne die tydperk beoog in subregulasie (7) redelike bystand versoek van 'n werknemer aangewys deur die Provinsiale Minister om sy of haar kommentaar op die appèl neer te skryf binne daardie tydperk.

(9) Indien die aansoeker nie binne die tydperk van 21 dae kommentaar op die appèl indien nie word die aansoeker geag geen kommentaar te hê nie.

(10) Behoudens subregulasie (9) kan die Provinsiale Minister weier om kommentaar te aanvaar van persone beoog in subregulasie (7) wat kommentaar ingedien het na die sluitingsdatum vir die indiening van daardie kommentaar.

(11) Die kommentaar op die appèl moet die volgende vermeld:

- (a) die naam en die kontakbesonderhede van die persoon wat die kommentaar indien;
- (b) die spesifieke aspek van die appèl waarop kommentaar gelewer word; en
- (c) die redes waarom kommentaar op die appèl gelewer word.

(12) Die Provinsiale Minister kan enige staatsorgaan versoek om kommentaar op 'n appèl te lewer.

(13) Die appellant is aanspreeklik vir die kostes van kennisgewing ingevolge hierdie regulasie.

(14) Die tydperk van 15 Desember tot 2 Januarie word by die berekening van enige tydperk bedoel in subregulasies (6)(c) en (7) en regulasies 24 en 33 uitgesluit.

Reg van appellant en aansoeker om te antwoord op kommentaar op appèl

24. (1) Die appellant en, indien die appellant nie die aansoeker is nie, die aansoeker kan binne 21 dae vanaf die latere datum van die onderskeie sluitingsdatums vir die indiening van kommentaar beoog in regulasies 23(7) en 33(1) of binne die verdere tydperk waarvoor die appellant of aansoeker en die Provinsiale Minister ooreengekom het, 'n skriftelike antwoord daarop aan die Provinsiale Minister lewer.

(2) Indien die appellant of aansoeker nie 'n antwoord lewer binne die tydperk van 21 dae of die verdere tydperk waarvoor ooreengekom is nie word die appellant of aansoeker, na gelang van die geval, geag geen kommentaar te hê nie.

Verwysing van appèl, kommentaar en antwoord op kommentaar na Provinsiale Minister verantwoordelik vir landbou

25. (1) Die Provinsiale Minister moet in die geval van 'n appèl ten opsigte van 'n aansoek met 'n uitwerking op landbou en vir die doel van regulasie 26(1)(a) die volgende na ontvangs daarvan na die Provinsiale Minister verantwoordelik vir landbou verwys:

- (a) die aanvaarde appèl;
- (b) enige kommentaar op die appèl; en
- (c) die appellant of die aansoeker se antwoord op die kommentaar op die appèl.

(2) Die Provinsiale Minister kan van die appellant of die aansoeker vereis om afskrifte van die inligting en dokumente bedoel in subregulasie (1)(a) tot (c) na die Provinsiale Minister verantwoordelik vir landbou aan te stuur.

Besluit oor appèl

26. (1) Die Provinsiale Minister moet oor 'n appèl besluit—

- (a) na oorlegpleging met die Provinsiale Minister verantwoordelik vir landbou in die geval van 'n appèl ten opsigte van 'n aansoek met 'n uitwerking op landbou; en
- (b) binne 130 dae vanaf erkenning van ontvangs en aanvaarding van 'n appèl ingevolge regulasie 23(6)(c)(i).

(2) Die tydperk van 15 Desember tot 2 Januarie en enige verdere tydperk waarvoor daar ingevolge regulasie 24(1) ooreengekom is, word by die berekening van die tydperk beoog in subregulasie (1)(b) uitgesluit.

(3) Die Provinsiale Minister kan ten opsigte van 'n appèl 'n aangewese werknemer opdrag gee om enige nodige ondersoek ingevolge artikel 68(1)(b) van die Wet en regulasie 36 uit te voer.

Kennisgewing van besluit oor appèl

27. Die Provinsiale Minister moet binne 14 dae vanaf sy of haar besluit oor 'n appèl die appellant, die aansoeker indien die appellant nie die aansoeker is nie en enige persoon wat kommentaar op die appèl ingedien het in kennis stel van die besluit en sy of haar reg om redes vir die besluit aan te vra.

Aansoek om verlenging van geldigheidstydperk

28. (1) 'n Aansoek om die verlenging van 'n geldigheidstydperk van 'n grondontwikkelingsgoedkeuring word gedoen deur voor die verval van die grondontwikkelingsgoedkeuring 'n ingevulde en ondertekende vorm in Aanhangsel B by die Departementshoof in te dien en die aansoekgelde uiteengesit in Aanhangsel D te betaal.

(2) Die ingevulde en ondertekende vorm in Aanhangsel B en die bygaande inligting en dokumente kan elektronies ingedien word op die wyse wat die Departementshoof bepaal.

(3) Die vorm in Aanhangsel B moet van die volgende inligting en dokumente vergesel gaan:

- (a) 'n afskrif van die oorspronklike goedkeuring; en
- (b) 'n skriftelike motivering ter ondersteuning van die aansoek, met inbegrip van—
 - (i) die redes waarom daar nie binne die geldigheidstydperk van die goedkeuring aan die vereistes van die goedkeuring bedoel in artikel 57(1) van die Wet voldoen sal word nie;
 - (ii) 'n evaluering om te bepaal of daar wesentliche veranderinge is in die omstandighede of wetlike of beleidsvereistes wat ten tyde van die oorspronklike goedkeuring geheers het; en
 - (iii) 'n evaluering om te bepaal of nuwe voorwaardes van goedkeuring nodig sal wees indien die verlenging goedgekeur word.

(4) Die Departementshoof moet wanneer 'n aansoek ingevolge hierdie regulasie ingedien word—

- (a) ontvangs van die aansoek op die dag van indiening aanteken, skriftelik of deur 'n stempel op die aansoek aan te bring;
- (b) nagaan of die aansoek aan hierdie regulasie voldoen; en
- (c) binne 21 dae vanaf ontvangs van die aansoek ontvangs van die aansoek erken en die aansoeker in kennis stel—
 - (i) indien die aansoek aan hierdie regulasie voldoen, van die aanvaarding van die aansoek en, indien geen bykomende inligting of dokumente beoog in subparagraaf (iii) vereis word nie, van die vereistes waaraan die aansoeker moet voldoen om aan persone wat 'n belang het by en geraak word deur die aansoek, kennis te gee van die aansoek en om hulle uit te nooi om daarop kommentaar in te dien;
 - (ii) indien die aansoek nie aan hierdie regulasie voldoen nie, dat die aansoek nie aanvaar is nie en die redes daarvoor; en
 - (iii) indien die aansoek ingevolge subparagraaf (i) aanvaar is, van enige inligting of dokumente bykomend by die inligting of dokumente bedoel in subregulasie (3) wat die Departementshoof vereis.

(5) Die Departementshoof moet ten opsigte van 'n aansoek met 'n uitwerking op landbou na oorlegpleging met die Hoof van Landbou of 'n werknemer aangewys deur die Hoof van Landbou bepaal of inligting of dokumente bykomend by die inligting en dokumente bedoel in subregulasie (3) vereis word.

(6) Die aansoeker moet die Departementshoof voorsien van die vereiste inligting of dokumente beoog in subregulasie (4)(c)(iii) binne 21 dae vanaf die datum van kennisgewing daarvan of binne die verdere tydperk waarvoor die aansoeker en die Departementshoof ooreengekom het.

(7) Die Departementshoof moet—

- (a) ontvangs van die inligting of dokumente beoog in subregulasie (4)(c)(iii) op die dag van indiening aanteken, skriftelik of deur 'n stempel op die dokumente aan te bring;

- (b) nagaan of al die inligting of dokumente soos vereis verskaf is; en
- (c) na—
 - (i) ontvangs van die inligting of dokumente binne die tydperk beoog in subregulasie (6), indien die aansoeker al die vereiste inligting of dokumente verskaf het, ontvangs daarvan erken en die aansoeker in kennis stel van die vereistes waaraan die aansoeker moet voldoen om aan persone wat 'n belang het by en wat geraak word deur die aansoek, kennis te gee van die aansoek en om hulle uit te nooi om kommentaar daarop in die dien; of
 - (ii) verstryking van die tydperk beoog in subregulasie (6), indien die aansoeker nie al die vereiste inligting of dokumente verskaf het nie, die aansoeker in kennis stel dat die Departementshoof die aansoek sal oorweeg soos dit ontvang is en van die vereistes waaraan die aansoeker moet voldoen om aan persone wat 'n belang het by en wat geraak word deur die aansoek, kennis te gee van die aansoek en om hulle uit te nooi om kommentaar daarop in te dien.

(8) Die Departementshoof kan enige staatsorgaan versoek om kommentaar op 'n aansoek te lewer.

(9) Behoudens die Departementshoof se bepaling ten opsigte van die elektroniese indiening van aansoeke moet aansoeke ingevolge hierdie regulasie ingedien word op weksdae gedurende die kantoorure van die Departement, uitgesonderd dae in die tydperk van 15 Desember tot 2 Januarie.

(10) Die tydperk van 15 Desember tot 2 Januarie word van die berekening van enige tydperk bedoel in hierdie regulasie en regulasies 29 en 33 uitgesluit.

Reg van aansoeker om te antwoord op kommentaar op 'n aansoek om verlenging van geldigheidstydperk

29. (1) Die aansoeker kan binne 21 dae vanaf die latere datum van die onderskeie sluitingsdatums vir die indiening van kommentaar uit hoofde van regulasie 28(4)(c)(i), (7)(c) of (8) of binne die verdere tydperk waarvoor die aansoeker en die Departementshoof ooreengekom het 'n skriftelike antwoord daarop by die Departementshoof indien.

(2) Indien die aansoeker nie binne die tydperk van 21 dae of die verdere tydperk waarvoor ooreengekom is 'n antwoord indien nie, word die aansoeker geag geen kommentaar te hê nie.

(3) Indien die Departementshoof bykomende inligting of dokumente rakende die aansoek vereis as gevolg van die ingediende kommentaar, moet die aansoeker die inligting of dokumente binne die tydperk waarvoor die aansoeker en die Departementshoof ooreen kan kom aan die Departementshoof verskaf.

Verwysing van aansoek om verlenging van geldigheidstydperk, inligting en dokumente na Hoof van Landbou

30. (1) Die Departementshoof moet in die geval van 'n aansoek met 'n uitwerking op landbou ingevolge regulasie 28 en vir die doeleindes van regulasies 28(5) en 31(2) die volgende na ontvangs daarvan na die Hoof van Landbou verwys:

- (a) die aanvaarde aansoek;
- (b) enige bykomende inligting en dokumente;
- (c) enige kommentaar op die aansoek; en
- (d) die aansoeker se antwoord op die kommentaar op die aansoek.

(2) Die Departementshoof kan van die aansoeker vereis om afskrifte van die inligting en dokumente bedoel in subregulasie (1)(a) tot (d) na die Hoof van Landbou aan te stuur.

Besluit oor aansoek om verlenging van geldigheidstydperk

31. (1) Die Departementshoof kan ten opsigte van 'n aansoek ingevolge regulasie 28 om die verlenging van die geldigheidstydperk van 'n goedkeuring—

- (a) 'n verlenging van die geldigheidstydperk vir 'n verdere tydperk van hoogstens 10 jaar goedkeur en nuwe of gewysigde voorwaardes van goedkeuring oplê;
- (b) 'n verlenging van die geldigheidstydperk slegs eenmalig toestaan;
- (c) 'n aangewese werknemer opdrag gee om enige nodige ondersoek ingevolge artikel 68(1)(b) van die Wet en regulasie 36 uit te voer.

(2) Die Departementshoof moet na oorlegpleging met die Hoof van Landbou besluit oor 'n aansoek met 'n uitwerking op landbou.

Kennisgewing van besluit oor aansoek om verlenging van geldigheidstydperk

32. Die Departementshoof moet die aansoeker in kennis stel van die besluit ingevolge regulasie 31 en van die aansoeker se reg om redes vir die besluit aan te vra.

Kommentaar deur staatsorgane

33. (1) 'n Staatsorgaan beoog in regulasie 14(1)(b), 23(12) of 28(8) moet binne 60 dae vanaf die datum van kennisgewing van die versoek daarvoor skriftelike kommentaar indien op 'n aansoek of op 'n appèl na die bevoegde gesag.

(2) Indien 'n staatsorgaan versuim om binne die tydperk bedoel in subregulasie (1) kommentaar in te dien, moet die bevoegde gesag die rekenpligtige beampte van die staatsorgaan of die rekenpligtige gesag beoog in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), van die versuim in kennis stel.

Gronde vir weiering om aansoek of appèl te aanvaar

34. (1) Die Departementshoof moet ingevolge regulasie 13(1)(c)(ii) of 28(4)(c)(ii) weier om 'n aansoek te aanvaar indien—

- (a) geen bewys van betaling van die aansoekgelde uiteengesit in Aanhangsel D ingedien is nie;
- (b) die aansoek nie aan die vereistes van regulasie 12 of 28, na gelang van die geval, voldoen nie.

(2) Die Provinsiale Minister moet ingevolge regulasie 23(6)(c)(ii) weier om 'n appèl te aanvaar indien—

- (a) geen bewys van betaling van die appèlgelde uiteengesit in Aanhangsel D ingedien is nie;
- (b) die appèl nie aan regulasie 23 voldoen nie.

Terugtrekking van aansoek, appèl of magtiging van agent

35. (1) 'n Aansoeker kan te eniger tyd voordat die Departementshoof 'n besluit neem oor 'n aansoek wat die aansoeker ingedien het, die aansoek by skriftelike kennisgewing aan die Departementshoof terugtrek.

(2) 'n Appellant kan te eniger tyd voordat die Provinsiale Minister besluit oor 'n appèl wat deur die appellant ingedien is, die appèl by skriftelike kennisgewing aan die Provinsiale Minister terugtrek.

(3) Die eienaar moet die Departementshoof, of in die geval waar die aansoek voor die Provinsiale Minister op appèl is, die Provinsiale Minister, skriftelik in kennis stel indien hy of sy die volmag, toestemming of magtiging wat aan sy of haar voormalige agent gegee is om namens die eienaar op te tree, teruggetrek het.

(4) Die Departementshoof kan bepaal dat 'n aansoeker of appellant, na gelang van die geval, wat 'n aansoek of 'n appèl terugtrek die aansoekgelde of appèlgelde wat ten opsigte van die aansoek of appèl betaal is verbeur, of 'n gedeelte daarvan verbeur, indien die Departement reeds kostes aangegaan het ten opsigte van die prosssing van die aansoek of appèl.

Bevoegdheid om roetine-ondersoeke uit te voer

36. Ingevolge artikel 68(1)(b) van die Wet kan 'n aangewese werknemer grond of 'n gebou betree met die doel om, ooreenkomstig die vereistes van artikel 68 van die Wet, 'n aansoek ingevolge regulasie 12 of 28 of 'n appèl ingevolge regulasie 23 te evalueer.

Wyse en datum van kennisgewing en toestaan van vedere tydperk

37. (1) Enige kennisgewing of erkenning van ontvangs wat ingevolge hierdie regulasies gegee word, moet op skrif wees, behalwe vir die bykomende metodes van kennisgewing beoog in regulasie 16(1)(b) en (c), en kan aan 'n persoon uitgereik word—

- (a) deur dit per hand aan die persoon af te lewer;
- (b) deur dit per geregistreerde pos te stuur—
 - (i) na die persoon se besigheids-, werks- of woonadres; of
 - (ii) in die geval van 'n regs persoon, na sy geregistreerde adres of vernaamste besigheidsplek;
- (c) deur middel van 'n databoodskap beoog in die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 (Wet 25 van 2002), deur 'n afskrif van die kennisgewing aan die persoon te stuur, indien die persoon 'n e-posadres of 'n ander elektroniese adres het;
- (d) waar 'n adres onbekend is ondanks redelike ondersoek, deur dit eenmalig in die *Provinsiale Koerant* en eenmalig in 'n plaaslike koerant in omloop in die gebied van daardie persoon se laaste bekende besigheids-, werks- of woonadres te publiseer; of
- (e) deur 'n kennisgewing met 'n grootte van minstens 60 sentimeter by 42 sentimeter op 'n kennisgewingsbord aan die voorkant van die betrokke grondeenheid of op enige ander opsigtelike en maklik bereikbare plek op die grondeenheid te vertoon vir die duur van die tydperk waarbinne die publiek kommentaar op die aansoek kan lewer.

(2) 'n Kennisgewing uitgereik ingevolge subregulasie (1)(b) tot (e) moet geag word as dat dit onder die aandag van die persoon gekom het en, waar meer as een metode van kennisgewing gevolg is, op die datum van die eerste kennisgewing, tensy die teendeel bewys word.

(3) Die datum van kennisgewing ten opsigte van 'n kennisgewing ingevolge hierdie regulasies is—

- (a) indien dit persoonlik aan daardie persoon afgelewer is, die datum van aflewering aan daardie persoon;
- (b) indien dit per geregistreerde pos gegee is, die datum van registrasie van die kennisgewing;
- (c) indien dit per e-pos gestuur is of na 'n elektroniese adres gestuur is, die datum wat dit deur die geadresseerde ontvang is soos beoog in die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002;
- (d) indien dit by daardie persoon se besigheids-, werks- of woonadres in die Republiek gelaat is by 'n persoon oënskynlik ouer as 16 jaar, die datum waarop dit by daardie persoon gelaat is; of
- (e) indien dit op 'n opsigtelike plek op die eiendom of perseel waarmee dit verband hou vertoon is, die datum waarop dit op daardie plek aangebring is.

(4) Die Departementshoof of die Provinsiale Minister, na gelang van die geval, kan behalwe vir die 21-dagtydperk beoog in regulasie 13(3), 18(1), 24(1), 28(6) of 29(1) 'n verdere tydperk skriftelik toestaan en met die aansoeker of die appellant ooreenkom oor die duur van die verdere tydperk onder die volgende omstandighede:

- (a) voor die verval van die 21-dagtydperk; en
- (b) indien buitengewone omstandighede met betrekking tot die aard of ingewikkeldheid van die aansoek of appèl aangedui kan word.

Foute en weglatings

38. (1) Die Departementshoof of die Provinsiale Minister, na gelang van die geval, kan te eniger tyd 'n fout in die bewoording van sy of haar besluit regstel indien die regstelling nie die besluit verander of 'n verandering, invoeging, opskorting of skraping van 'n voorwaarde van goedkeuring tot gevolg het nie.

(2) Die Departementshoof of die Provinsiale Minister, na gelang van die geval, kan by aanvoering van gegronde redes 'n fout in die prosedure van 'n aansoek of appèl voor hom of haar oorsien indien die oorsiening nie 'n wesentliche of nadelige uitwerking op enige persoon het of enige persoon onredelik benadeel nie.

Oorgangsbepalings ten opsigte van aansoeke om opheffing, opskorting of wysiging van beperkende voorwaardes

39. (1) Artikel 6(2), (3) en (4) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), is nie van toepassing op 'n aansoek beoog in artikel 78(2) van die Wes-Kaapse Wet op Grondgebruikbeplanning, 2014, wat ingevolge artikel 3(2) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967, ingedien is nie.

(2) Die aansoeker of die besitter van die titelbewys ten opsigte van 'n aansoek beoog in regulasie (1) moet by die Registrateur van Aktes en die Landmeter-generaal aansoek doen om die gepaste inskrywings te maak in, en die nodige endossemente aan te bring op, enige tersaaklike register, titelbewys, kaart of plan en die titelbewys vir die doeleindes van hierdie subregulasie aan die Registrateur van Aktes voorlê.

Datum van inwerkingtreding

40. Indien die Premier kragtens artikel 79(2) van die Wet verskillende datums bepaal het vir die inwerkingtreding van die Wet of verskillende bepalinge van die Wet ten opsigte van verskillende munisipale areas moet 'n verwysing na die datum van inwerkingtreding van die Wet in 'n bepaling van hierdie regulasies uitgelê word as 'n verwysing na die datum bepaal deur die Premier vir die inwerkingtreding van die tersaaklike magtigende bepaling van die Wet in die betrokke munisipale gebied.

Kort titel

41. Hierdie regulasies heet die Wes-Kaapse Regulasies op Grondgebruikbeplanning, 2015.

AANHANGSEL A

VERSOEK OM KONSULTASIE VOOR AANSOEK
(Artikel 53 van die Wet en regulasie 11)

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING

Adres van Departement <i>(Moet deur 'n amptenaar ingevul word)</i>	
Verwysingsnommer <i>(Moet deur 'n amptenaar ingevul word)</i>	
<i>Vul hierdie vorm in deur BLOKletters te gebruik en die gepaste blokkies te merk.</i>	
<i>Neem kennis: 'n Konsultasie voor aansoek is 'n inligtingsessie en spring geensins die uitkomste voor van enige toekomstige aansoek wat aan die Departement voorgelê word nie.</i>	
DEEL A: BESONDERHEDE	

Bondige voorstel: _____

Eienaar of Agent se besonderhede	* Heg afskrif van titelakte aan * Indien agent, heg volmag aan			
Voornaam/name				
Van				
Naam van Maatskappy <i>(Indien van toepassing)</i>				
Posadres	<table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr> <td style="width: 70%;"></td> <td style="width: 30%; text-align: center;">Poskode</td> </tr> </table>		Poskode	
	Poskode			
E-pos				
Tel.	<table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr> <td style="width: 30%;"></td> <td style="width: 30%; text-align: center;">Faks</td> <td style="width: 40%;"></td> </tr> </table>		Faks	
	Faks			
	<table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr> <td style="width: 30%;"></td> <td style="width: 40%; text-align: center;">Sel.</td> <td style="width: 30%;"></td> </tr> </table>		Sel.	
	Sel.			

Beskrywing van eiendom(me): _____

Geskikte vergaderdatums: 1. _____ 2. _____ 3. _____

Lys persone wat aansoeker sal vergesel na vergadering:

Naam en van	Organisasie	Kontak- nommer	E-pos	Rol

Lys dokumente wat by die vergadering verskaf kan word:

(Sluit in dokumentverwysing, dokument-/plandatums en plannommers waar moontlik.)

Was daar reeds 'n konsultasie voor aansoek met die munisipaliteit?

(Indien wel, verskaf 'n afskrif van die notule.)

JA	NEE
----	-----

**DEEL B: ONTWIKKELINGSVOORSTEL: KATEGORIEË INGEVOLGE
REGULASIE 10(1) WAT GOEDKEURING INGEVOLGE REGULASIE 10(4) of (5)
VEREIS**

Gee 'n omvattende oorsig van voorstel:

DEEL D: LYS ANDER STAATSORGANE OF ANDER PERSONE MET 'N BELANG BY DIE VOORGESTELDE GRONDONTWIKKELING WAT NA U MENING DIE KONSULTASIE VOOR AANSOEK MOET BYWOON			
Verkry goedkeuring/toestemming/kommentaar van:	Merk indien die teenwoordigheid van 'n verteenwoordiger vereis word	Merk indien konsultasie vereis word of kommentaar verkry moet word	Gee redes
Wes-Kaapse Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme			
Wes-Kaapse Departement van Gemeenskapsveiligheid			
Wes-Kaapse Departement van Gesondheid			
Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport			
Wes-Kaapse Departement van Landbou			
Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Dienste			
Wes-Kaapse Departement van Menslike Nedersettings			
Wes-Kaapse Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning			
Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering			
Wes-Kaap Onderwysdepartement			
Wes-Kaapse Departement van Vervoer en Openbare Werke			
Nasionale Departement van Energie			
Nasionale Departement van Landbou, Bosbou en Visserye			
Nasionale Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming			

DEEL D: LYS ANDER STAATSORGANE OF ANDER PERSONE MET 'N BELANG BY DIE VOORGESTELDE GRONDONTWIKKELING WAT NA U MENING DIE KONSULTASIE VOOR AANSOEK MOET BYWOON			
Verkry goedkeuring/toestemming/kommentaar van:	Merk indien die teenwoordigheid van 'n verteenwoordiger vereis word	Merk indien konsultasie vereis word of kommentaar verkry moet word	Gee redes
Nasionale Departement van Minerale Hulpbronne	-		
Nasionale Departement van Omgewingsake			
Nasionale Departement van Water en Sanitasie			
CapeNature			
Erfenis Wes-Kaap			
Eskom			
Munisipaliteit(e)			
Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAHRA)			
Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Bpk. (SANRAL)			
Suid-Afrikaanse Nasionale Parke (SANParke)			
Telkom SA Bpk.			
Transnet / Passasier Spooragentskap van Suid Afrika (PRASA)			
Ander			

Aansoeker: _____ Handtekening: _____
(Volle naam)

Datum: _____

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK	
Datum ontvang: _____	Ontvang deur: _____
<div style="border: 1px solid black; width: 30%; margin: 0 auto; padding: 10px; text-align: center;">Departementele Stempel</div>	

AANHANGSEL B**AANSOEKVORM: GRONDONTWIKKELING***(Artikel 53 van die Wet en regulasies 10 en 12)***VORM VIR AANSOEK OM VERLENGING VAN GELDIGHEIDSTYDPERK***(Artikel 57 van die Wet en regulasie 28)***DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING**

Adres van Departement <i>(Moet deur 'n amptenaar ingevul word)</i>			
Verwysingsnommer <i>(Moet deur 'n amptenaar ingevul word)</i>			
<i>Vul hierdie vorm in deur BLOKletters te gebruik en die gepaste blokkies te merk.</i>			
DEEL A: AANSOEKE INGEVOLGE DIE WET			
Grondontwikkeling <i>(Artikel 53(2) van die Wet en regulasies 10(4) en 12)</i>	J	N	Indien ja, vul alle dele van hierdie aansoekvorm in behalwe Deel H.
Wysiging van goedkeuring van grondontwikkeling <i>(Artikel 53(2) van die Wet en regulasies 10(5) en 12)</i>	J	N	Indien ja, vul alle dele van hierdie aansoekvorm in behalwe Deel H.
Verlenging van geldigheidstydperk <i>(Artikel 57(2) van die Wet en regulasie 28)</i>	J	N	Indien ja, vul alle dele van hierdie aansoekvorm in behalwe Deel G.
DEEL B: BESONDERHEDE VAN AANSOEKER			
Voornaam/name			
Van			
Naam van maatskappy <i>(Indien van toepassing)</i>			
Posadres		Poskode	
E-pos			
Tel.		Faks	
		Sel.	

DEEL C: BESONDERHEDE VAN EIENAAR(S) <i>(Indien dit van aansoeker verskil)</i>						
Volle naam/name						
Fisiese adres(se)					Poskode	
E-pos						
Tel.			Faks			Sel.
DEEL D: BESONDERHEDE VAN EIENDOM <i>(Volgens titelakte)</i>						
Beskrywing van eiendom <i>(Nommer(s) van Erf/Erwe/Gedeelte(s) of Plaas/Plase)</i>						
Fisiese adres				Dorp/Stad		
Huidige sonering			Omvang	m ² / ha	Is daar bestaande geboue?	J N
Huidige grondgebruik						
Nommer en datum van titelakte	T					
Enige beperkende voorwaardes?	J	N	Indien ja, noem voorwaardes			
Is die eiendom met 'n verband beswaar?	J	N	Indien ja, noem verbandhouer(s)			
DEEL E: KONSULTASIE VOOR AANSOEK <i>(regulasie 11)</i>						
Was daar enige konsultasie voor aansoek?	J	N	Indien ja, vul die inligting hieronder in en heg die notule van die konsultasie voor aansoek aan.			
Amptenaar se naam			Verwysingsnommer			Datum van konsultasie

DEEL F: AANSOEGELDE* (Aanhangsel D)					
Grondontwikkelingsaansoek				R5000	
Wysiging van goedkeuring van grondontwikkeling				R2000	
Verlenging van geldigheidstydperk				R2000	
Totale aansoekgelde					
VRYSTELLING VAN AANSOEGELDE** (Aanhangsel D)					
Die ontwikkeling word met 'n staatstoekenning befonds.	J	N	Die aansoeker is 'n staatsorgaan.	J	N
<p><i>*Die aansoekgelde sluit nie die koste van publikasie van 'n kennisgewing in die Provinsiale Koerant en media of die betekening van kennisgewings beoog in regulasie 14, 16 of 28 in nie omdat die aansoeker vir die koste van daardie kennisgewings aanspreeklik is.</i></p> <p><i>** Indien vrygestel van betaling van gelde, heg bewys aan.</i></p>					
BANKBESONDERHEDE (Moet deur 'n amptenaar ingevul word)					
Naam:	Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning				
Bank:					
Taknommer:					
Rekeningnommer:					
***Geldeverwysing:					
(U spesifieke geldeverwysingsnommer MOET as depositoverwysing gebruik word wanneer u 'n betaling doen.)					
*** Verkry asb. 'n spesifieke geldeverwysingsnommer by die Departement.					
BANKBESONDERHEDE VAN AANSOEKER (regulasie 35)					
Die aansoeker moet sy of haar bankbesonderhede hieronder invul vir die terugbetaling van aansoekgelde indien die aansoek teruggetrek word en die aansoekgelde nie verbeur is nie.					
Naam:					
Bank:					
Taknommer.:					
Rekeningnommer:					

DEEL G: AANHEGSELS EN STAWENDE INLIGTING EN DOKUMENTE VIR AANSOEK OM GRONDONTWIKKELING OF WYSIGING VAN GOEDKEURING VAN GRONDONTWIKKELING (regulasie 12(2)(a) tot (p))

Vul die volgende kontrolelys in en heg alle tersaaklike inligting en dokumente vir die voorstel aan. Versuim om alle nodige inligting en dokumente in te dien, sal meebring dat die aansoek nie aanvaar word nie.

J	N	NVT	Toestemming van verbandhouer (indien van toepassing)	J	N	NVT	Plan wat soortgelyke grondontwikkeling aandui in die streek of Provinsie as waarvoor aansoek gedoen word en wat 'n kumulatiewe uitwerking in die streek of Provinsie sal hê
J	N	NVT	Volmag/Eienaar se toestemming, indien aansoeker nie eienaar is nie	J	N	NVT	Uitlegplan van bestaande aanwending van grond, strukture en aktiwiteite
J	N	NVT	Besluit of ander bewys dat aansoeker gemagtig is om namens 'n regspersoon op te tree	J	N	NVT	Konseptuele uitlegplan
J	N	NVT	Bewys van betaling van gelde	J	N	NVT	Lys van ander goedkeurings wat vereis word vir die voorgestelde grondontwikkeling en waarvoor aansoek gedoen is
J	N	NVT	Liggingsplan				
J	N	NVT	Volledige afskrif van die titelakte	J	N	NVT	Motivering vir aansoek
J	N	NVT	Bewys van bestaande sonering van toepassing	J	N	NVT	Evaluering van die uitwerking op landbou en verbandhoudende inligting of dokumente
J	N	NVT	Plan wat die omliggende aanwending van grond wat geraak sal word aandui	J	N	NVT	Enige bykomende dokumente of inligting soos in die konsultasie voor aansoek genoem
J	N	NVT	Plan wat die omliggende sonerings wat geraak sal word aandui	J	N	NVT	Ander (<i>spesifiseer</i>)
J	N	NVT	Afskrif van kennisgewing van oorspronklike besluit				

DEEL H: AANHEGSELS EN STAWENDE INLIGTING VIR AANSOEK OM VERLENGING

J	N	NVT	Afskrif van kennisgewing van oorspronklike besluit	J	N	NVT	Motiveringsverslag vir verlenging
J	N	NVT	Bewys van betaling van gelde	J	N	NVT	Ander

DEEL I: MAGTIGING(S) INGEVOLGE ANDER WETGEWING									
J	N	NVT	Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999)		J	N	NVT	Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning	
J	N	NVT	Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998)					Spesifieke omgewingsbestuurswet(te) (bv. Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet 73 van 1989), “National Environmental Management: Air Quality Act, 2004” (Wet 39 van 2004), “National Environmental Management: Integrated Coastal Management Act, 2008” (Wet 24 van 2008), en “National Environmental Management: Waste Act, 2008” (Wet 59 van 2008), Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998))	
J	N	NVT	Wet op Onderverdeling van Landbougrond, 1970 (Wet 70 van 1970)		J	N	NVT		
J	N	NVT	Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013)		J	N	NVT	Ander	

DEEL J: VERKLARING

Ek bevestig hierby dat—

1. die inligting vervat in hierdie aansoekvorm en bygaande dokumentasie volledig en korrek is;
2. ek daarvan bewus is dat dit ingevolge artikel 74(1)(b) van die Wet 'n misdryf is om besonderhede, inligting of antwoorde te verstrek met die wete dat die besonderhede, inligting of antwoorde onwaar, foutief of misleidend is of indien ek nie van mening is dat dit korrek is nie;
3. ek behoorlik gemagtig is om hierdie aansoek namens die eienaar te doen en (waar van toepassing) dat 'n afskrif van die tersaaklike volmag of toestemming hierby aangeheg is; en
4. waar 'n agent aangestel is om hierdie aansoek namens die eienaar in te dien, daar aanvaar word dat korrespondensie van en kennisgewings deur die Departementshoof ingevolge die Wet en hierdie regulasies slegs aan die agent gestuur sal word en dat die eienaar gereeld met die agent oorleg sal pleeg in hierdie verband.

Aansoeker se handtekening _____

Datum

Volle naam

Professionele hoedanigheid

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK

Datum ontvang:

Ontvang deur:

Departementele stempel

AANHANGSEL C

APPÈLVORM

(Artikel 56 van die Wet en regulasie 23)

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING

Adres van Departement <i>(Moet deur 'n amptenaar ingevul word)</i>					
Verwysingsnommer <i>(Moet deur 'n amptenaar ingevul word)</i>					
<i>Vul hierdie vorm in deur BLOKletters te gebruik en die gepaste blokkies te merk.</i>					
<i>Neem kennis: 'n Appèl na die Provinsiale Minister moet binne 21 dae vanaf die datum van kennisgewing van die besluit ingedien word.</i>					
DEEL A: APPÈL					
Appelleer u teen die besluit van die Departementshoof?			J	N	
Appelleer u teen 'n voorwaarde vir goedkeuring wat deur die Departementshoof opgelê is?			J	N	Indien ja, noem voorwaarde(s) in Deel F
Appelleer u omdat u regte aangetas is deur die Departementshoof se versuim om binne die voorgeskrewe tydperk oor u aansoek te besluit?			J	N	
Datum van besluit	DD/MM/JJJJ	Datum van kennisgewing	DD/MM/JJJJ		
DEEL B: BESONDERHEDE VAN APPELLANT					
Voornaam/name					
Van					
Naam van maatskappy of regspersoon <i>(Indien van toepassing)</i>					
Fisiese adres					
Posadres <i>(Indien dit van fisiese adres verskil)</i>				Poskode	
E-pos					
Tel.		Faks		Sel.	

DEEL C: BESKRYWING VAN APPELLANT SE EIENDOM (<i>Eiendom wat deur voorgestelde ontwikkeling geraak word</i>)							
Nommer(s) van Erf/Erwe/Gedeelte(s) of Plaas/Plase						Dorp/Stad	
Fisiese adres							
DEEL D: BESONDERHEDE VAN EIENDOM WAAROP ONTWIKKELING GAAN PLAASVIND							
Nommer(s) van Erf/Erwe/Gedeelte(s) of Plaas/Plase						Dorp/Stad	
Fisiese adres							
DEEL E: APPÈL VAN GERAAKTE PERSOON/PERSONE							
Hoe is u in kennis gestel van die besluit waarteen u appelleer?	Koerant	J	N	<i>Provinsiale Koerant</i>	J	N	Ander (<i>spesifiseer</i>)
Verklaar* waarom die besluit en/of voorwaardes van goedkeuring u regte aantast:							
* <i>Verklarings kan aangeheg word.</i>							

DEEL F: MOTIVERING EN REDES VIR APPÈL*

** Motivering en redes vir appèl kan aangeheg word.*

PART G: APPÈLGELDE* (Aanhangsel D)

Appèl	R0
Totale appèlgelde*	

VRYSTELLING VAN APPÈLGELDE (Aanhangsel D)**

Die ontwikkeling is 'n gemeenskapsgebaseerde projek wat deur 'n regeringstoekenning befonds word.	J	N	Die aansoeker is 'n staatsorgaan.	Y	N
---	---	---	-----------------------------------	---	---

** Die appèlgelde sluit nie die koste vir kennisgewing ingevolge regulasie 23 in nie omdat die appellant aanspreeklik is vir die koste van daardie kennisgewings.*

***Indien vrygestel van die betaling van gelde, heg bewys aan.*

BANKBESONDERHEDE (*Moet deur 'n amptenaar voltooi word*)

Naam: Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning

Bank:

Taknommer:

Rekeningnommer:

***** Geldeverwysing:**

*(U spesifieke geldeverwysingsnommer **MOET** as depositoverwysing gebruik word wanneer u 'n betaling doen.)*

**** Verkry asb. 'n spesifieke geldeverwysingsnommer by die Departement.*

BANKBESONDERHEDE VAN APPELLANT (*regulasie 35*)

Die appellant moet sy of haar bankbesonderhede hieronder invul vir die terugbetaling van appèlgelde indien die aansoek teruggetrek word en die aansoekgelde nie verbeur is nie.

Naam:

Bank:

Taknommer.:

Rekeningnommer:

DEEL H: AANHEGSELS EN STAWENDE INLIGTING

Vul die volgende kontrolelys in en heg aan waar van toepassing.

J	NVT	Bewys van kennisgewing van besluit
J	NVT	Afskrif van besluit en voorwaardes vir goedkeuring
J	NVT	Bewys van betaling van gelde
J	NVT	Verklarings
J	NVT	Motivering en redes vir appèl
J	NVT	Ander (spesifiseer)

DEEL I: VERKLARING

Ek bevestig hierby dat—

1. die inligting vervat in hierdie vorm en bygaande dokumentasie volledig en korrek is; en
2. ek daarvan bewus is dat dit ingevolge artikel 74(1)(b) van die Wet 'n misdryf is om besonderhede, inligting of antwoorde te verskaf met die wete dat die besonderhede, inligting of antwoorde onwaar, foutief of misleidend is of indien ek nie van mening is dat dit korrek is nie.

Appellant se
handtekening: _____

Datum:

Volle naam:

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK

Datum ontvang: _____

Ontvang deur: _____

Departementele stempel

AANHANGSEL D**GELDE***(Artikels 54(8) en 56(8) van die Wet)*

1. 'n Aansoeker en 'n appellant moet die gelde vir die prosessering van 'n aansoek of appèl betaal soos in die tabel hieronder uiteengesit, tensy hulle kragtens item 2 van hierdie Aanhangsel van die betaling van gelde vrygestel is.

Tipe aansoek/appèl	Gelde
Aansoek om grondontwikkeling	R5000
Aansoek om wysiging van goedkeuring van grondontwikkeling	R2000
Appèl	R0
Verlenging van geldigheidstydperk	R2000

2. 'n Aansoeker of 'n appellant word vrygestel van betaling van die gelde uiteengesit in item 1 indien—
- (a) die grondontwikkeling deur 'n staatstoekenning befonds word; of
 - (b) die aansoeker 'n staatsorgaan is.
3. Indien 'n aansoeker of 'n appellant ingevolge item 2 vrygestel is van betaling van gelde, moet die aansoeker of appellant die bevoegde gesag skriftelik in kennis stel en bewys van die staatstoekenning aanheg by die vorms in Aanhangsel B of C, na gelang van die geval.
4. Die aansoek- of appèlgelde sluit nie die koste vir publikasie van 'n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* en media of die betekening van kennisgewings beoog in regulasie 14, 16, 23 of 28 in nie omdat die aansoeker of appellant vir die koste van daardie kennisgewings aanspreeklik is.

